**Reeks:** Kersfeesstorie
**Titel:** ... Die Vleeswording
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 25 December 2012

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

---

Goeiemôre, gemeente. Wat 'n goeie geleentheid om Kersfees so te kan saamwees en te kan vier. So, hoe is Kersfees vir jou? Wat is jou ervaring van Kersfees? Nie wat dink jy nie, nie hoe voel jy oor Kersfees nie, wat is jou ervaring van Kersfees? Daar is 'n groot verskil op die manier hoe baie van ons Kersfees ervaar. Jy weet, party van ons is ietwat nostalgies, sentimenteel. Jy hoor dit in gesprekke. O, jy weet, toe ek grootgeword het, daar moet 'n kersboom wees. Ons moet almal bymekaarkom en saam sit, en elke een moet ietsie bring.

Party van ons het 'n meer verhoudingservaring van Kersfees. Dis die familie. Dis om te kuier. Party van ons is meer ekonomies ingestel. Die geskenkies, die goed wat ons kry. Ek het gister gaan fietsry en ek was verbaas hoeveel ouens die dag voor Kersfees sportmotors gaan uittoets op die pad, huh, of om net gou te koop, voor vyfuur die middag die deal deur te sit, nê. Party... ek het... ek weet van 'n gesin wat sê ons werk hard deur die jaar sodat ons kan Kersfees vier, Nuwejaar. Ons koop geskenke. Ons kry goed wat ons graag wil hê. Ons vier dit net. Dis Kersfees.

Dis nie noodwendig verkeerd nie, maar daar is 'n groot verskil hoe ons kyk en hoe ons Kersfees beleef en ervaar. En veander dit nie ook nie? Is Kersfees nie anders nou vir jou as wat dit jare terug was nie? Dis interessant, as jy kyk na die Bybel, na die eerste Kersfees, hoe die weergawe daarvan verskil. Ons het vier weergawes in die vier Evangelies. Kritici van die Christendom voer juis aan ons kan dit nie glo nie, want kyk hoe verskil dit van mekaar. Maar ons ervaring verskil van mekaar, en daar is een wat veral heeltemal uitstaan, heeltemal anders is, en dis Johannes se belewenis van Kersfees.

Jy weet, Matteus, Markus en Lukas begin nogal baie histories, feitelik, te kyk na dit wat gebeur het, maar as Johannes begin te praat oor Kersfees dan sê hy die woord was... het vlees geword en onder ons kom woon. In die begin was die woord. Die woord was by God en die woord was God, en die woord het vlees geword en onder ons kom woon. Dis sy weergawe van Kersfees. Dis 'n meer mistiese, in die sin dat jy dit nie heeltemal dadelik kan begryp en kan... waarvan praat Johannes nou? Vanmôre nooi ek u uit om dalk hierdie blik in 'n ander kyk te neem op Kersfees en dalk ook te groei, nie net in jou idee nie, maar in jou ervaring en jou belewenis van Kersfees.

Johannes sê Christus is die woord van God. Hy is... en dit beteken baie. En ons weet nie presies wat dit beteken nie, maar een ding wat ons weet is dat dit beteken dat God Homself kom bekend maak het, want dit is hoe jy iemand regtig leer ken, deur sy woorde, deur dit wat hy vir jou sê. Kyk, jy kan baie waarneem, maar jy kan tot baie verkeerde konklusies kom deur net te kyk na iemand. So kan ons tot baie snaakse, vreemde konklusies van God kom as ons net kyk na die skepping in sy algemene openbaring en hoe ons agterkom, maar dit moet God wees, as ons nie kyk en luister na Sy woord wat Hy vir ons gegee het nie: Jesus.

Dis wanneer iemand vir jou sê hoekom hy tee drink, hoe hy tee drink, hoekom hy dit so doen, dat jy agterkom, o, maar dit is waarvan hy hou, en dis eintlik wat in hom aan die gang is. God kom, die woord kom, en Hy word vlees, vlees. Daar is 'n paar woorde in die Grieks vir vlees, en die een is sarks, en een van die... die woord sarks word veral gebruik om op die gebrokenheid... jy weet, dit dui gewoonlik na seksualiteit, dit dui na 'n liggaam wat sweet en wat op 'n baie vernederende wyse funksioneer en sekere goed moet doen. Nou, dan is die woordjie sarks in gedrang.


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Christus word vlees en Hy kom woon onder ons. Die septagunte [?], dis die Griekse vertaling van die Ou Testament, en... gebruik die woordjie ook van tabernakel daar, en die Amplified Vertaling sê ook Jesus het God se tabernakel kom opslaan onder ons. Die taberbakel was die plek waar God ontmoet kon word, waar God fisies teenwoordig was. Christus kom slaan Sy tent op, kom tabernakel tussen ons.

'n Ou vader van die kerk nooi ons uit om ons verbeelding te gebruik. Miskien kan jy dit ook nou doen, om met bietjie vanuit die Drie-eenheid se perspektief af te kyk na hierdie gebeure van Kersfees. God kyk na die aarde. Hy sien ryk, Hy sien arm, Hy sien jonk, Hy sien oud, Hy sien geboorte, Hy sien doodgaan, maar Hy sien ook baie sinneloosheid, hopeloosheid, moedeloosheid, liefdeloosheid, woede, geweld, eensaamheid, siekte, goed wat Hy glad nie beplan het vir Sy skepping nie, wat Hy nie wil hê hoe dit moet wees nie, en Hy besluit Ek gaan dit verander. Ek wil dit nuut maak. Ek wil dit herstel, restoureer, en die manier waarop ek dit gaan doen is deur te kom na hierdie wêreld toe, en Hy word gebore as 'n kind.

God kyk en Hy sê, dis nou daardie tyd. Dis nou daardie tyd. Hy sê, Gabriël, gaan sê vir daardie 14 jarige meisie, Maria, dis sulke tyd. Ek gaan nou kom. Kan jy dink dat dit God se plan is, die kwesbaarheid waardeur dit geskiet? Hy kom as 'n kind. Die toestand waardeur Hy kom, 'n meisietjie wat saam met haar man op 'n donkie moet gaan. Hier is hierdie groot mag, die Romeinse mag, wat die wêreld regeer, en in Israel, wat daar gebeur, Herodus staan op. Interessante goed gebeur. Daar is 'n politieke, daar is 'n militêre, daar is 'n ekonomiese mag aan die werk.

Klein, ongesiens, onbenullig, loop 'n jong meisietjie, swanger op haar einde, moet gaan om te registreer in Bethlehem waar hulle vandaan kom. Kom daar aan. Sy is op haar einde. Kry nie slaapplek nie. Die vernedering, die armoede, die hitte, die koue, die dors, die honger, die ontbering. En Hy word gebore, en Hy kom in hierdie wêreld in. Dis hoe God werk. Dis God se plan. En Johannes sê mense sien dit nie. Hulle sien nie die lig nie. Hulle is nie bewus van dit wat besig is om te gebeur en dit wat gebeur het nie. Dis een van die kern misteries van die Christen geloof.

Nou, misterie beteken dat ek nie alles kan verstaan nie. Dit beteken nie ek verstaan niks nie, maar dit beteken dat daar baie dimensies tot hierdie waarheid is, baie vlakke is om dit te kan ken en dit te kan verstaan. En dis miskien iets waarmee ons kan groei tot die einde van ons lewe, om te verstaan en te deel in hierdie misterie. Een ding is, jy kan 'n misterie beleef alhoewel jy hom nie kan verstaan nie. Dis hoekom ons God kan beleef, alhoewel ons nie alles kan verstaan nie. Elektrisiteit vir my is een van daardie misteries ook. Ek weet nie of jy iets... verstaan jy regtig wat is elektrisiteit?

Jy weet, ek het al vir 'n elektrisiën goed gevra, dan lag hy vir my as ek dit sê, maar hy kan eintlik nie vir my verduidelik wat is dit nie, elektrisiteit. Ek het een... ons het 'n verwarmertjie gehad. Hy het twee sulke rooi stafies gehad wat warmte afgee, en eenkeer toe werk hy nie, toe vat ek 'n skroewedraaier en ek begin so aan hom te peuter, en, jy weet, ek is nie baie aangelê nie. Kyk, 'n ou slaan hom, jy kyk. Wat ek nie... wat ek moes doen en wat ek nie gedoen het nie, ek het hom nie afgesit nie. En toe ek hom weer so druk, nê, toe beleef ek daardie misterie van elektrisiteit.

Ek... dis net wha! Ek beweeg van die een kant van die vertrek na die ander kant en my hare staan net so van daardie tyd af, en ek... ek kan nie glo nie. Ek kan nie glo nie. Elektrisiteit. Kyk, in die boek, in die skool leer jy iets daarvan, maar as jy hom so vat dan beleef jy hom. Ek kan nog nie mooi verduidelik nie. Ek verstaan nie wat dit is nie, maar ek weet iets van dit af. Dis 'n misterie.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Wat beteken hierdie misterie van die vleeswording vir ons? Net ietsie om dit oop te maak, die Kersfees storie. Dit beteken dit laat soveel goed verander, soveel goed verander. Jou idee van God, hoe jy God beleef, hoe jy bid, ander mense, dit verander alles, hierdie misterie. Jy kan nie meer, ons verhouding met God, 'n teïs wees na Kersfees nie. 'n Teïs is anders as 'n Kersfees Christen. 'n Teïs is iemand wat in God glo. 'n Kersfees Christen is iemand wat in God glo in Jesus Christus. Daar is 'n verskil.

'n Teïs is iemand wat glo dat daar 'n God in die hemel is. 'n Kersfees Christen is iemand wat glo dat daar 'n God in die hemel is, maar ook op hierdie aarde, en dat Hy met ons is en dat Hy ook in mense is. Dis 'n groot verskil. 'n Teïs is... daardie idee dat God 'n skepper is, dat Hy die aarde soos 'n bal gemaak het, jy weet, soos 'n wekker gemaak het, en nou het Hy hierdie wekker opgewen en nou los Hy hierdie wekker, en nou kyk Hy na hierdie wekker. Hy het natuurwetmatighede ingestel, en alles woed homself nou so uit, en God staan...

Hy is die transendente. Hy staan daar buite. Hy is die... bo die natuurlike. Hy is bo die gewone. Hy is buitengewoon. Dis 'n teïs se idee van God. 'n Christen, Kersfees Christen, sê, ja, dit is so, maar Hy is nie net... Hy is nie net in die... Hy is ook op die aarde. Hy is nie net buitengewoon nie; Hy is ook gewoon. Hy is 'n mens. Hy het 'n mens geword. Jy kan Hom vat, jy kan Hom voel, jy kan Hom sien. Hy huil, Hy kry swaar, Hy kry seer, Hy word versoek, Hy kan doodgemaak word, Hy kan verwerp word. En dit was Hy. Dis Hy.

Hy is nie net bo die skepping nie; hy is ook nou werksaam in Sy skepping. Die Skepper het deel geword van die skepping. Dis Kersfees. Dis Kersfees in sy diepste. Dis die misterie van Kersfees, so, jy weet, dis nie dat God... die natuur is nie God nie, maar God is in die natuur. As jy glo God... die natuur is God, dan sê hulle jy is 'n panteïs. Maar 'n Kersfees Christen is 'n pan-en-teïs. God is in die natuur ook werksaam. Ek kan Hom vind in die gewone, nie net in die buitengewone nie. Ek vind Hom nie net in die bonatuurlike nie, maar ook in die natuurlike, in die natuurlike, in die gewone, in die ongesiens, alledaagse. Dis soos die Kersstorie is, kan God gevind word.

Kom ons raak baie prakties. Jou belewenis van God. Ek het soveel teïsme ontdek in myself. Ek onthou, net na my bekering, ek wou net God beleef en God ervaar. Ek het gevas. Ek het by tydperke vir weke gevas, en ek wil net so graag 'n visioen hê, 'n direkte belewenis van God. Ek onthou toe 'n ou tannie met my praat en vir my sê, ou boetie, hoekom doen jy dit, toe sê ek, maar tannie, jy is mos nou al lank 'n Christen. Jy behoort mos nou te verstaan. Toe sê sy, maar hoekom staan jy nie net een oggend vroeg op nie, dan kyk jy as die son opkom. Weet jy, dis jare later wat ek eers verstaan het wat sy vir my gesê het. Ek het weggeloop en gesê, ai, die arme tannie. Bless her. Nee man, nie in die gewone nie. Ek soek 'n getuienis van... toe kom Hy na my toe. Ek ken Hom van geen kant af nie. En toe sê Hy vir my, en toe profeteer Hy vir my. O, hoendervleis. Teïs, teïs.

Hoekom nie ook in die ander persoon wat na jou toe kom nie, in die gewone, in die son wat opkom, in die mense wat jou pad langs kom, in die goeie goed, om die kos te kan proe, om te kan smaak, om te kan sien, om te kan hoor, om vriende te kan hê, om 'n huis te kan hê? Hoekom nie ook in die gewone nie, jy sien? Waar soek jy God? Hoe soek jy God? Kersfees verander dit. Hoe bid jy? Hoe bid jy? Veral in verhoudings en in genesing kom jou teïsme baie sterk na vore, jy weet.

Belydenis. Ek raak siek. Het so vir sewe jaar geen medisyne gebruik nie. Ek was 'n volkome teïs. God is daar. Hy gaan bonatuurlik ingryp en my aanraak en my gesond maak. As jy 'n teïs is dan glo en bid jy so, maar as jy 'n Kersfees Christen is, dan kyk jy na jou eet en jy kyk na jou lewensstyl en jy gaan dokter toe, en jy laat vir jou bid, want God is in alles. God het... Hy het vlees geword. Hy is deel van dit. Hy is deel van dit.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Verhoudings. Julle jong ouens, jy kan op ‘n teïstiese manier hierdie ding benader, of jy kan as ‘n Kersfees Christen. ‘n Teïstiese manier is om te sê, Here, verander sy hart. Laat hy my sien. Laat hy na my toe kom, nê. Jy kan dit... dis teïsme. ‘n Kersfees Christen bid dit, en dan sê hy, nee, Here, gee vir my daardie geleentheid ook, en dan bel jy hom dadelik en sê vir hom, is jy vanmôre by die kerk? Ek wil net gou-gou, hier op Kersfees, net gou-gou connect. Ek wil net gou-gou vir jou ietsie sê. Dan dink jy om iets sinvol vir hom te gaan sê, huh. Die... dis nie net...

‘n Vrou vertel sy is deel van 'n klein groep, maar haar belewenis is dat sy nie lekker inpas nie, dat sy nie aanvaar word nie, en dat sy eintlik nie waardeer word of iets... ‘n bydrae lewer nie. Die leier van die groep is so dankbaar vir haar. Hy voel sy beteken so baie vir hulle. Hy bid en hy vra, Here, gee vir haar daardie gevoel dat sy belangrik is en dat sy waardeer word. Dis ‘n teïs.

As hy ‘n Kersfees Christen was het hy dit gebid, en dan het hy ook na haar toe gegaan en gesê, ons waardeer jou so baie. Voel jy dit? Is daar dalk iets wat ek kan doen om jou te laat voel hoe ons jou waardeer? Sy het dit nie gevoel nie. Sy het gevoel ek beweeg aan. Hulle was so teleurgesteld. Hoekom het God ons nie geantwoord nie? Jy sien, daar is ‘n groot verskil, en ons kyk na mekaar in ons belewenis van mekaar.

Luister mooi. Hier is ‘n groot ding. Hier is ‘n groot ding. Paulus is ‘n teïs. Hy glo in die God, die almagtige Skepper van hemel en aarde, maar hy vervolg Sy kerk. Handelinge 9. Jesus stop hom. Luister wat vra Jesus vir hom: Paulus, waarom vervolg jy My, vers vier? Nie My kerk nie. Jy vervolg nou vir My, huh. Jesus identifiseer volkome met die gelowiges. Hy sê, jy vat nou aan My. Dit verander Paulus heeltemal, sy teologie, alles.

Weet jy, dan skryf hy vir Christene, dan sê hy vir Christene, Efesiërs 5:30, hy sê, ek wil net vir julle sê, julle is Sy vlees en Sy bene. Julle is Sy vlees en Sy bene. Wow. Julle is die liggaam van Christus. Weet jy wat sê Paulus as hy dit sê? Hy sê nie julle verteenwoordig nou die liggaam van Christus nie, julle vervang nou die liggaam van Christus nie. Julle is die liggaam van Christus. Kan jy dit glo? Kan jy dit glo?

Met ander woorde die inkarnasie is nie net iets wat gebeur het nie, vir 30 jaar. Baie Christene dink so. 30 jaar geleef, doodgegaan, hemel toe gegaan. Dit was... dit... o, wat ‘n wonderlike ding. Die inkarnasie gaan voort. God kan gesien word, gehoor word, gevoel word, aan gevat word, deur Sy liggaam. Hoe soek jy na leiding? Weet jy hoe kry Paulus leiding? Toe Jesus met hom praat en hom ontmoet toe sê Hy vir hom, nou gaan jy na My liggaam toe, jy gaan nou na My kerk toe dat hulle jou kan vertel en dat hulle jou kan leer en dat hulle jou kan lei.

Hoekom sê hy dit nie self alles vir hom nie? Hy sê jy gaan soontoe. Dit is hoe God na jou toe kom. Dis hoe Jesus dit geleer het. Jy sê waar. Toe jy... toe jy My kos gegee het. Toe jy My... toe ek siek was, toe Ek in die gevangenis was. Dit was Ek daardie. Jy het nie eers geweet dit was Ek nie. Ongesiens, dit was ek gewees. Jy kan vat. Ons het ‘n behoefte. Ons het ‘n behoefte. Ons het ‘n behoefte.

Die klein dogtertjie is bang. Sy is alleen in haar kamer. Sy kan nie... sy gaan kamer... sy gaan na haar pappa en mamma toe. Sy sê, pappa, mamma, asseblief, kom lê iemand by my. Ek is bang. Daar is iets in die kamer. Ek het dit... Nee man, daar is niks nie. En Liewe Jesus is by jou. Jy kan maar gaan slaap. Sy sê, ja, ek weet, maar ek soek iemand met vel en met bene. Die gediggie, the baby was God. Ons kan Hom vat. Ons kan Hom voel. Maar vandag, jy weet, Jesus Christus, dis nie Jesus en sy van is Christus nie. Dis nie wat dit beteken nie, hoor. Dis nie Piet Pompies nie, Jan van der Merwe nie.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

Jesus is die naam, soos wat ons 'n naam het. Eintlik was Jesus se naam seker letterlik hoe Hy bekendgestaan het in daardie... Jesus, Bar, of Ben, Josef [?]. Jesus die Seun van Josef. Dis sekerlik hoe Hy bekendgestaan het, maar hulle het Hom Christus genoem, wat beteken dat Hy die gesalfde was, die Messiaanse teenwoordigheid, Christus. As ons praat van die liggaam van Christus vandag beteken dit drie goed. Dit beteken Jesus wat gesterf het, opgestaan het in 'n verheerlikte liggaam, wat geleef het. Dit beteken die kerk, die liggaam van Christus, die gelowiges. Dit beteken die nagmaal. Dit is My liggaam. Eet, drink daarvan, vat dit, voel dit, sien dit, proe dit, ruik dit. Dis My liggaam wat vir jou gegee is. Dit verander alles as jy dit glo.

Weet jy, jou teenwoordigheid in die wêreld, hoe kyk ons na die wêreld as ons dit glo? Ons is Sy liggaam. Ons is Sy gestuurdes. Ek gaan dit nie verduidelik nie. Ek wil net 'n gedig lees van Teresa van Avila. Christ has no body but yours, no hands, no feet on earth but yours. Yours are the eyes with which He looks compassion on this world. Yours are the feet with which He walks to do good. Yours are the hands with which He blesses all the world. Yours are the hands, yours are the feet, yours are the eyes. Yours are His body. Ons is Sy liggaam.

Kyk, ons kan die verkondiging en ons missie in hierdie wêreld teïsties verstaan. Ek deel net 'n traktaatjie uit. Ek gaan preek. Ek sê dit. Of ons kan dit as 'n Kersfees verstaan... 'n Kersfees Christen. Dis teenwoordigheid. Dis aanraking. Jy word Jesus. Jou compassion is die compassion van Jesus. Jou oë is die oë van Jesus wat kyk, wat aanraak, wat help, wat vat, wat voel.

Ons het geskenkpakkies in die ingangsportaal, en ons nooi jou uit om van dit te vat as jy nou na iemand toe kan gaan wat jy dink dit baie nodig het. Ons dink aan siek mense. Ons dink aan mense wat diens doen by die hospitale, by die polisiestasie, sekuriteitswagte, ouens wat vandag moet werk. En jy kan vat en jy gee dit vir hom. Jy word dit vir hom. Dis is Kersfees. En iemand het vir my gesê ek moet julle waarsku, as jy daardie koekies vat vir jouself dan kan jy maagpyn kry. Jy kan dit net vat om dit weg te gee vir ander mense. Dit verander alles. Die woord het vlees geword en onder ons kom woon.

Hoe dink jy aan jouself? Dink jy so en... wat is die effek, as jy dit glo, as jy hier... op hierdie manier aan Kersfees dink en glo? Jy stap in die realiteit van dit in, verander jou identiteit. Jy dink anders oor jouself. Jy dink anders oor die wêreld. Jy dink anders oor ander mense wat jy sien. Dit verander dit. Dink net die effek wat dit kan hê op jou bewussyn, jou consciousness. Met watter bewussyn leef jy nie?

Ek wil afsluit. Ek dink daar is drie maniere wat ons dalk op die realiteit kan in... ons kan dit admireer, nê, admire. Dis ongelooflik wat op Kersfees gebeur het. En dis 'n baie goeie ding, nê. Dis 'n goeie ding. Maar jy kan na... jy kan verder gaan. Dit gaan meer vat en meer vra, maar dit bring 'n ander soort belewenis mee. Ek gaan dit naboots. Ek boots die gee, die betrokke raak, die uitreik, die... op watter manier? Watter dimensie ek ook nou al van Kersfees sien, ek boots dit na. Dit vra meer.

Jy weet, dit is soos 'n sport. Jy kan kyk. Jy kan kyk, en jy kan... dis nice. Kyk hoe speel... ek... dis so lekker om te kyk. Dis so lekker om dit te bewonder, en regtig, my hart, dit roer my. Maar as jy naboots dan vra dit meer van jou. Jy weet, dit... jy... jy gaan om daardie span te sien. Jy koop hulle klere. Jy betaal 'n prys. Ek meen, daar is manne wat hulle manlikheid prysgee. Hulle dra nou pienk hempies, huh. Nee, ek bedoel die Vrystaat... die Blou Bulle. Jy weet, hulle trek sulke goeters aan. Hulle doen nou al sulke goeters en.. want dis 'n hoër... maar daar is nog 'n hoër vlak. Dit is deelname. Not imitation, not admiration, but participation. Dis 'n deelname.

Mag Hy vir ons in hierdie Kersfees gee om te deel in die misterie van Sy


**© 2012 Mosaïek**

vleeswording.  Mag Hy vir ons oë gee om te kan sien op watter maniere Hy na ons toe kom, deur ‘n kind.  Vanmôre sê iemand vir my, Kersfees is net nie Kersfees sonder kinders nie, huh.  Jy weet, die blydskap, die opgewondenheid, die bewondering van ‘n kind, van vriendskappe, van die natuur, van die vermoë om te kan proe, om te kan eet, om te kan beleef.  Mag ons in hierdie Kersfees die maniere waarop Christus in ons teenwoordig is en in ons kom woon het, en onder ons kom werk het, raaksien.  Mag ons Emmanuel sien, beleef, deelneem en deel hê aan dit waaroor Kersfees gaan.

Die Here Jesus is met elkeen van ons.  Hy het gekom.  Hy is gebore.  Mag Hy in jou hart gebore word.  Mag Hy in jou leef.  Mag jy Hom beleef, mag jy Hom raaksien in jou, om jou, in ander, en orals waar hy werk.  ‘n Geseënde Kersfees word elkeen van U toegewens, amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com


**© 2012 Mosaïek**